NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 25 JULIE 2021

NEGENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Paarl-skool

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Efesiërs 3:14-21; 2 Samuel 11:1-15
Psalm 14; Johannes 6:1-21

	SONDAG, 25 JULIE
	DANKBAARHEIDSONDAG
09:30	Oggenddiens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai Prediker - Ds Hannes Burger (Die Nagmaal is na volgende week uitgestel) **Geen** Kinderkerk **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese
	MAANDAG, 26 JULIE
	GEEN Sportmanne Bybelstudie GEEN Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 27 JULIE
	GEEN Senior Burger Bybelstudie GEEN Manne Bybelstudie
	WOENSDAG, 28 JULIE
	GEEN Vroue Bybelstudie
	DONDERDAG, 29 JULIE
	GEEN Dienssentrum vir Seniors GEEN Openbaring Bybelstudie Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams

VRYDAG, 30 JULIE
SATERDAG, 31 JULIE
SONDAG, 1 AUGUSTUS
TIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD 09:30 Oggenddiens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai Die Nagmaal sal by die geleentheid bedien word. **Geen** Kinderkerk **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese

KONTAKBESONDERHEDE

Ds Chris Barnardo	082 822 6619	(021 982 7076 Bestaan nie meer)
Ds Hannes Burger	084 627 3746	(021 903 1798 Bestaan nie meer)

GEMEENTENUUS

1. Miemie Smith (Othello) is oorlede.
2. Bettie Marais (Brackenfell) is oorlede.
3. Amanda Randewijk (Klaradyn) herstel steeds van haar operasie.
4. Elriette van der Merwe (Springbokstraat) se pa is oorlede.
5. John Marais (Brackenfell) is steeds in die hospitaal.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

25/07 Cassie Carstens, Jacques Wilders, Stanley Hill, Eddie Theron, Loamie Olivier, Jaco Kitshoff
26/07 Gert Botha, Ruben van der Merwe, Theresa Swart
27/07 Carlo Hill, Zandri Smith, Betsie Heyns, Morné de Wet, Elsa Welman, Nadia Hanekom, Suzelle Nimmo, Amanda Kaltwasser, Natasha-Lee Marais
28/07 Bokkie Geyer, Cecil Stander
29/07 Nico Nel, Susan Blanché, Sarel Esterhuysen, Michelle Smuts, Gerhard van Zyl, André Geyer, Natasha Geyer
30/07 Tommie Traut, Beat du Toit, Joos van Zyl, André Smith, Marietjie Breet, Erna Carstens, Corné van der Merwe
31/07 Brad-Lee Prinsloo, Lielah Albertyn, Natalie Kennedy, Jamie Losper

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

1ste Kwartaal	15 Feb - 23 Apr
2de Kwartaal	3 Mei - 30 Jun
3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des

EREDIENSTE

As gevolg van die inperkingsmaatreëls wat deur die regering na vlak 4 verhoog is, is Eredienste en ander byeenkomste gestaak.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:30.

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: Bikkies kos, Droë rantsoene, Toiletware, Melk, Koffie, ens.

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

JEUGKOMMISSIE PROJEK

Die Jeugkommissie vul leë glasflesse met sopbestanddele om ‘n ***Jar Of Hope*** te maak wat saam met die kospakkies versprei word na behoeftige lidmate. Ons gee ook daarvan aan die Susan La Poorta Kinderhuis in Sarepta.

Hulle benodig die volgende

- “Split peas”
- Sop mengsel
- Lensies
- Blokkie “stock”
- Pakkies soppoeier

Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb duidelik JEUG/SOP.

HUIS DE KUILEN

Assistent Verpleegkundige, Huis de Kuilen, Kuilsrivier (Sluitings datum: 30 Julie 2021)

Huis de Kuilen is ‘n program van Badisa, ‘n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk [Wes-Kaapland] en VGKSA [Kaapland]. Aansoeke van entoesiastiese, verantwoordelike en gemotiveerde persone word vir hierdie betrekking ingewag.

Vereistes:

- Registrasie by SA Raad vir Verpleegkundiges
- Toepaslike ondervinding
- Kennis van versorging van bejaardes
- Bereidwilligheid om skofte te werk
- Goeie menseverhoudings

Sluitingsdatum: 30 Julie 2021

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Rig volledige CV met bewys van kwalifikasie aan:

Me Williams

admin@huisdekuilen.co.za

PREEKSKETS

TEMA - PAULUS SE GEBED VIR DIE GEMEENTE

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Efes 3:14-21

Inleiding

Die vraag op almal se lippe: Wat nou?
- En dis waar Efes.3 inkom: waar gaan ons nou weer begin?

1. **Die gebed om KRAG**.
   - Vir ‘n onseker gemeente, omring van versoekings.
   - Dat die Gees hulle só sal versterk, dat hulle staande kan bly.
   - En vir ‘n onseker gemeente? Ons gaan ook net staande bly as *God ons* self orent hou.
   - Die sleutel lê by God self, sodat sy krag ons kan dra.
   - Wat nou? Die sleutel is oorgawe.

2. **Die gebed om LIEFDE**.
   - Hierdie krag help jou *om regtig lief te hê*.
   - Dís tog die vrug van die Heilige Gees in ons!
   - Wat nou? Totale oorgawe maak dat ons as gemeente regtig lief sal hê.

3. **Die gebed om KENNIS**.
   - Maar dit kan net as ons God regtig leer ken.
   - En ook dít gebeur net omdat Hy jou toelaat om Hom te ken.
   - Wat nou? Hy nooi jou om die pad saam met Hom te stap...

4. **Die gebed om VOLHEID**.
   - En so bid Paulus dat ons *al meer sal wees wat Hy wil hê ons moet wees*. Soos Jesus Christus.
   - Sodat ons gemeente *"gevul sal wees tot die volheid van God".*
   - Wat nou? Gaan vir maksimum!